Hinterland

Registration no. 2012/035806/07

**BOERPOT PROMOSIE KOEPON KOMPETISIE**

Met die aankoop van enige ELANCO produk/te op die BOERPOT pamflet by deelnemende Hinterland handelstakke, staan ‘n persoon die kans om 1 VAN 4 Jojo watertenks (2700L) ter waarde van R3,400 te wen.

**Kompetisie reëls**

1. Die besluit van die beoordelaars is finaal en Hinterland sal nie in enige korrespondensie tree in die verband nie. Met enige aankope van enige ELANCO produk/te op die BOERPOT PROMOSIE pamflet by deelnemende takke word ‘n kans gestaan om 1 VAN 4 Jojo watertenks (2700L) ter waarde van R3,400 (Drie duisend vier honderd rand) te wen.
2. Die kompetisie is geldig vanaf 13 Februarie 2021 om 08:00 tot 13 Maart 2021 om 17:00.
3. Die kompetisie pryse is 4 tenks ter waarde van R3,400 (drie duisend vier honderd rand).
4. Die faktuur waarop u kontakbesonderhede (volle name, e-posadres en kontaknommer) aangedui is, moet in die kompetisie houer by die deelnemende handelstak geplaas word.
5. Alle persone mag deelneem, uitgesluit personeel en hul gesinne van Hinterland SA (Edms) Beperk, Afgri Beperk, Senwes Beperk en Hinterland Fuels (Edms) Beperk asook Hinterland SA (Edms) Beperk se borge, verskaffers en/of hul reklame agentskappe.
6. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir inskrywings wat nie ontvang word nie of verlore raak.
7. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of enige verliese gely deur persone wat aan die kompetisie deelneem nie.
8. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir onakkurate, onvolledige of misleidende inligting verskaf deur die prys borge nie.
9. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of beserings wat voortvloei uit die gebruik van die pryse nie.
10. Die wenners sal deur middel van ‘n gelukstrekking gekies word, gedoen deur ‘n Hinterland personeellid 4 weke na die promosie geeindig het. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word.
11. Die wenners sal persoonlik die prys in ontvangs moet neem by die wenner se naaste Hinterland handelstak.
12. Die prys kan nie vir kontant geruil word nie.
13. Hinterland is geregtig om massapos, e-pos en SMS bemarking aan alle deelnemers wat vir die kompetisie inskryf, te stuur.
14. Kompetisienommer: hin/komp027 ELANCO
15. ’n Kopie van die terme en voorwaardes is by Hinterland se deelnemende handelstak beskikbaar.
16. Die kompetisie data en ander relevante inligting sal vir ’n tydperk van drie jaar bewaar word.